**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**VRAESTEL 2**

**NOVEMBER 2016**

**EKSAMEN**

**GRAAD 11**

**PUNTE : 70**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING.**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.**

**Afdeling A : Kortverhale (35)**
**Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.**

**Afdeling B : Gedigte (35)**
**Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.**

2. **Lees die instruksies baie goed.**

3. **Begin elke vraag op 'n skoon bladsy.**

4. **Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.**
   **Mev. Jordaan, Middleton, Meiring, Haluman, Bothma of Gilbert.**

5. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**

6. **Skryf netjies en leesbaar.**

## Afdeling A:  Kortverhale

## Vraag 1.  Soldate in Wit Klere ( Hannah Bell)






Lees die onderstaande uittreksel uit die kortverhaal en beantwoord dan die vrae wat volg.

> Kort na hy by Oom Labu aangekom het, het Nevil siek geword.  Hy het vir dae uitgehou, gesê hy sal self beter word, want hy het  mos pille wat hy drink.  "Ek is nog pas hier, " het hy vir Oom Labu gesê.  "Ek kan nie nou al gaan lê nie.  Ek is taai, oor 'n paar dae is ek weer piekfyn!"
> Maar hy het nie beter geword nie.  Daardie Vrydag sit sy oë diep in sy kop en sy vel is grys soos die granietrotse langs hulle huis.  Nie lank nie, toe word hy weer rooi in die gesig, met 'n vreeslike hoofpyn.
> "Kom Nevil," sê Oom Labu, "vandag neem ek jou Fort Victoria toe, na die dokter.  Die naweek lê voor en waar kry ons hulp as jy skielik baie erger word ?"
> "Maar  sê nou die dokter wil my daar hou.  Oom mag nie alleen hier bly nie."
> "Toemaar, dalk gee hy jou net medisyne.  En ons is vanaand weer tuis."  Maar Oom Labu kon sien die man lyk sleg en hy het gou die bakkie uitgetrek om dorp toe te ry.

1.1. Wie/wat was die  Soldate in Wit Klere ? (1)

1.2. Wie het vir Nevil na die plaas toe gestuur ? (Gee die naam van die maatskappy) (1)

1.3. Gee 1 rede waarom Nevil na die plaas toe gestuur is. (1)

1.4. In watter land het die vryheidsoorlog waarna daar in hierdie kortverhaal verwys word, plaasgevind ? (1)

1.5. Watter tropiese siekte is by Nevil gediagnoseer? (1)

1.6. Kies elke keer die karakter (Kolom A) wat by die korrekte beskrywing (Kolom B) pas. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer.

| **Kolom A** | | **Kolom B** |
|---|---|---|
| 1.6.1. | Oom Labu | A. Plaaswerker |
| 1.6.2. | Nevil Horn | B. Het inboorlingdorpies geplunder |
| 1.6.3. | Die dokter | C. Plaasbestuurder |
| 1.6.4. | Die vryheidsvegters | D. Sou nie verklap nie |

(4)

1.7. Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf dan die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.

1.7.1. Wanedzi beesplaas behoort aan ___________________________ .

- Die regering
- Oom Labu Labuschagne
- Die Koelkamers (1)

(10)

**Vraag 2. Die goue kitaar (Heinrich van der Mescht)**

Lees die onderstaande uittreksel uit die kortverhaal en beantwoord dan die vrae wat volg.

> " Jy's mal," het my pa gesê toe hy hoor ek wil oorsee gaan. Maar ek was vasbeslote. Ek wou oral rondry, en ek wou gaan kyk na die plek in Frankryk waar ek en my ma en my pa drie jaar lank gebly het, lank terug.

2.1. Noem twee items wat die spreker se pa gedink het oorsee gesteel sou word. (1)

2.2. Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies en skryf dan die vraagnommer en die antwoord neer.

Die jong man het daarin (gefaal/geslaag) om ŉ bestaan te maak terwyl hy gereis het. (1)

2.3. Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer neer.

> laaste, hardloop, beursie, Charles de Gaulle, voorlaaste, paniekbevange, Heathrow, paspoort, Angers, Londen, ryloop, kalm.

Alles het goed verloop vir die jong man, tot die 2.3.1.________________
dag van sy reis.  Hy was in 2.3.2. ______________________, toe sy
2.3.3. ________________ weggeraak het.  Die jong man se reaksie was om
2.3.4.________________ te wees.  Hy moes by die 2.3.5.____________
lughawe kom en moes toe 2.3.6.___________________daarheen. (½ x6 =3)

2.4. Mnr. De Vienne het die jong man opgelaai.  Hulle het baie in gemeen (in common) gehad.  Noem 1 ding wat hulle in gemeen gehad het. (1)

2.5. Wat het gebeur onmiddellik nadat die jong man die kamer in Mnr. De Vienne se huis binnegestap het ? (1)

2.6.1. Watter wonderlike item het die jong man daar gekry? (1)
2.6.2. Wat het hy daarmee gedoen ? (1)
2.6.3. Hoekom het die jong man gehuiwer (hesitate) voordat hy dit gedoen het ? (1)

2.7. Noem twee goed wat mnr. De Vienne vir die jong man in die huis gelos het om hom te help. (½ + ½ =1)

(11)

<u>Vraag 3.  Donker nag</u>



**"Die krag is af," hoor sy iemand sê.  Dan die fletsende blou van die volgende straal, die slag. Buite val die reën.  Iemand in 'n reënjas storm by die deur uit, struikel by die trap af.  Toe die mens in die jas sukkelend orent kom, slaan die weer; hulle sien die mens ruk toe die straal tref, agteroor val en doodstil bly lê.**

3.1 Wie is die hoofkarakter in die kortverhaal en watter werk doen sy? (½ + ½ =1)

3.2. Hoe dra die weer van daardie aand by tot die atmosfeer van die kortverhaal ? (1)

3.3. Kies die mees gepaste antwoord en skryf dan die korrekte antwoord neer.

Wie is die persoon wat in die uittreksel hierbo sterf ?

- 'n polisieman.
- 'n vreemdeling.
- die man van tafel 4. (1)

3.4. Gebruik van die woorde in die blokkie hieronder om die paragraaf te voltooi, skryf slegs die nommer en die woord neer.

| |
|---|
| **Voor, kas, hotel, motortjie, 'n gewapende man, 'n dronk man, studentehuis, kelnerin; badkamer, na, motorfiets, iemand, restaurant, Sanita, bediende, woonstel, Isabel,** |

3.4. Die hoofkarakter in hierdie kortverhaal werk as 'n (3.4.1)______________ in 'n (3.4.2)________________. Sy moet daardie aand (3.4.3)__________ werk per (3.4.4)_________________ huis toe ry. Sy is alleen in die (3.4.5.)________ _________ wat sy met (3.4.6.)_________________ en 'n paar ander mense deel. Sy het groot geskrik toe sy (3.4.7.) _____ ___________ ________ by die venster gesien het. Sy het in die (3.4.8.) ___________________ weggekruip.

(8 X ½ = 4)

(7)

Vraag 4. Semi-Soet (filmstudie)



4.1. Noem die stad en die dorp waar hierdie film afspeel. ( 2 plekke) (2)

4.2. Wat is die tema van die film? (1)

4.3. Gee die naam van die persoon wat in beheer is van Amalgamated Media. (1)

4.4. Gee die naam van die bekende wynstreek in Frankryk waar Jaci, Vrede en Lust se wyn moet bemark. (1)

(5)

<u>Vraag 5. Die beach</u>

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord dan die vrae wat volg.

> "My mô sê jy hoort nie hier nie," sê die knaap met die sproete op sy knopknieë, met 'n oorvloed van oorronding in 'n half belaglike Afrikaans. Wat besiel die knaap om my taal so te staan en verkrag? Ja-nee, soos die Engelsman sê, all good things come to an end, dink ek terwyl die see steeds in die agtergrond sy lied sing en my inspireer.

5.1. Noem een ander fisiese eienskap omtrent die knaap wat nie in hierdie uittreksel genoem word nie. (1)

5.2. Die hoofkarakter gee vir die knaap 'n bynaam as gevolg van jou antwoord in 5.1. Wat is die bynaam? (1)

5.3. Wat is die spreker se taal? (1)

5.4. "all good things come to an end"

5.4.1. Watter reël/wet het die spreker daardie dag gebreek? (1)
5.4.2. Wie was die eerste persoon wat die reël/wet gebreek het? (1)

5.5. Watter taal, sê die spreker vir die vrou, kan hy praat? (Skryf jou antwoord in Afrikaans) (1)

5.6. Kies die korrekte antwoord om die sin korrek te voltooi. Skryf net die korrekte antwoord neer.

Volgens die hoofkarakter leer 'n mens veel meer uit (boeke/die lewe self). (1)

(7)

Sub-totaal: (40)

**<u>Afdeling B.  Gedigte</u>**

**<u>Vraag 1.  Ma (Antjie Krog)</u>**

Ma, ek skryf vir jou ŉ gedig
sonder fênsie leestekens
sonder woorde wat rym
sonder bywoorde
net sommer
ŉ kaalvoet gedig -

want jy maak my groot
in jou krom klein handjies
jy beitel my met jou swart oë
en spits woorde
jy draai jou leiklipkop
jy lag en breek my tente op
maar jy offer my elke aand vir jou Here God.
jou moesie-oor is my enigste telefoon
jou huis my enigste bybel
jou naam my breekwater teen die lewe

ek is so jammer mamma
dat ek nie is
wat ek graag vir jou wil wees nie.

1.1. Haal ŉ voorbeeld van alliterasie aan uit strofe 2. (1)

1.2. Haal ŉ voorbeeld van ŉ metafoor aan uit strofe 1. (1)

1.3. Die ma se oë is werklik swart.

Stem jy saam met die stelling?  Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord in jou eie woorde. (1)

1.4. Wat doen die ma werklik wanneer sy haar kind elke aand vir haar Here God offer? (1)

1.5. Wat is fisies opmerklik van die ma se oor? (1)

1.6. Haal ŉ versreël aan wat vir ons sê waar die kind haar beginsels leer. (1)

1.7. Ons vind gewoonlik ŉ breekwater in ŉ hawe.  Wat is die funksie van so ŉ breekwater? (1)

(7)

Vraag 2. Sommer net vir jou ( Sam.C.H. Cupido)

Meisie ek wil so graag vir jou skryf
ŉ sonder-fênsie-woorde-liefdesbriefie
sonder ŉ H.O.L.L.A.N.D. en ŉ I.T.A.L.Y.
sintaksis en adjektiewe
en minus vergelykings en metafore
sommer so ŉ slap kaalvoet liefdesbriefie

want dit is jy
ŉ sonder-fênsie-mensie
klein en soos B. sê “getrain”

Meisie ek is jammer ek kan nie briewe skryf
soos groot minnaars liefdesbriewe skryf
ek wens net ek kan jou vou
soos mens normaalweg liefdesbriewe vou
en vir altyd in my tiekiepôket hou

Sam.C.H. Cupido

2.1 Watter 3 opeenvolgende woorde sê vir ons dat die spreker die briefgedig spesifiek vir die meisie geskryf het? (1)

2.2. Gee ŉ goeie rede waarom die enigste woord wat met ŉ hoofletter geskryf is, “Meisie” in versreëls 1 en 10 is. (behalwe die 2 akronieme) (1)

2.3. Die spreker in hierdie gedig wil ŉ lang liefdesbrief aan die meisie skryf.

2.3.1. Stem jy saam met die bogenoemde stelling? Ja/Nee?
2.3.2. Haal 1 woord uit strofe 1 aan om jou antwoord te motiveer. (1)

2.4. Kies die korrekte antwoord en skryf dan slegs die vraagnommer en die letter neer.

“getrain” in versreël 9 beteken dat die meisie:

A. opgelei is
B. fiks en mooi gebou is
C. per trein vir hom kom kuier. (1)

2.5.1. Gee B se volle naam en van. (versreël) 9. (1)
2.5.2. Watter werk het hy gedoen? (1)
2.5.3. Daar was nog iets (behalwe sy werk) waarvoor hy ook bekend was. Wat was dit? Haal slegs 1 woord aan as antwoord. (1)

(7)

Vraag 3. Japan (P.W. Buys)

Wit en blou en bruin
pophuisies van karton,
pikant en klein
lê sorgloos rondgestrooi
-vergete speelgoed van ŉ kind –
Tussen goudgeel akkers rys
Riviertjies trippel na die see.
Klein vlaktes strek soos groen kimono's uit
om deur die wit strykyster van die son
gestryk te word
voordat die oesfees in die najaarstyd begin.
Soos op ŉ poskaart
glimlag Fuji in die verte
sneeuwit en vredig teen die blouste,blouste lug

Die sneltrein – groot sywurm –
het in Tokio hom knuppeldik geëet
aan mense en bagasie;
nou krui hy lustig aan
na Osaka
en Hirosjima.
Sy spore lê soos fynblink syedrade in die son.
Die klikgeluide van sy wiele tik
die ritme van ŉ opgewekte lied
asof die hele land
al lankal klaar vergeet het van
die wonde
van Hirosjima en Nagasaki.

Maar, êrens in ŉ tempel het ek haar ontmoet:
met sewe wierookstokkies in haar hande
bid ŉ erg verminkte vrou
na dertig jaar
nog elke môre knielend
vir die afgestorwe siele
van haar hele huisgesin:
een stokkie vir haar man,
en een vir elke kind.

3.1. Hoekom dink jy, het die digter besluit om die vlaktes met groen kimono's te vergelyk en nie met groen gras nie ? (1)

3.2. Haal EEN woord aan wat vir ons sê dat die Japanese huisies interessant is. (1)

3.3. Gee 1 woord wat die atmosfeer in strofes 1 en 2 beskryf. (1)

3.4. Waarna verwys Fuji in versreël 13? (1)

3.5. Watter woord in strofe 2 het te doen met ʼn belangrike industrie/ uitvoerproduk in Japan ? (1)

3.6. Noem die twee bestemmings van die sneltrein. (1)

3.7. Waarvoor is die stede, Hirosjima en Nagasaki bekend ? (1)

3.8. Gee 1 woord wat die atmosfeer in strofe 3 beskryf. (1)

3.9. Wat is die tema in hierdie gedig? Skryf jou antwoord in ʼn goeie volsin. (1)

(9)

<u>Vraag 4. In en uit (Andre Letoit)</u>

1. ek wil wys wees
2. sonder om oud te word
3. ek wil ʼn vrou trou
4. ek wil my kinders se hande vashou
5. maar ek wil nooit middeljarig seniel
6. in my onderbroek sit en koerant lees nie.

7. ek wil god leer ken
8. maar ek wil nie kerk toe gaan nie
9. ek wil dans en kerjol
10. maar ek wil nie as ʼn vuilbaard dronklap vrek nie
11. maar as ek dan móét sterwe
12. gaan ek liewers reguit dood

13. as om my hele lewe lank stadig oud te word
14. agter ʼn lessenaar met ʼn afgekoude pen
15. en twee draadmandjies
16. wat weemoedig uitroep
17. : in en uit

4.1. Daar is geen vaste rymskema in hierdie gedig nie. Wat noem ons hierdie verskynsel? (1)

4.2. In en uit verwys na draadmandjies. Waar kan ons gewoonlik sulke draadmandjies sien? (1)

4.3.1. In watter versreël vind ons die enigste leesteken in hierdie gedig? (1)
4.3.2. Wat noem ons hierdie leesteken? (1)

4.4. **Die spreker in hierdie gedig is alreeds getroud.**

4.4.1. Stem jy saam met die stelling? Ja/Nee? (1)

4.4.2. Haal aan om jou antwoord te motiveer. (1)

4.5. Haal 'n woord uit die gedig aan wat aandui dat die spreker voorwaardes het vir elke wens wat hy het. (1)

4.6. Watter woord in hierdie gedig is 'n neologisme? (1)

4.7.1. Een van die woorde in hierdie gedig word normaalweg slegs vir diere gebruik. Haal die woord aan. (1)

4.7.2. Watter woord word gewoonlik in dié omstandighede vir mense gebruik? (1)

4.8. Kies die korrekte antwoord en skryf dan slegs die vraagnommer en die letter neer.

Die spreker in hierdie gedig wil graag hierdie tipe werk hê.

A. vervelige
B. opwindende
C. eentoninge (1)

4.9. Bestudeer hierdie aanhaling uit die gedig.

"en twee draadmandjies
wat weemoedig uitroep"

4.9.1. Watter vorm van beeldspraak kom hier voor? (1)
4.9.2. Gee jou eie woord wat dieselfde beteken as: "weemoedig". (1)

(13)

Vraag 5. Susan Boyle (Kobus Grobler)

daar staan jy inskrywing 43212
voor die pilatusse van *Britain's got talent*
aangeja soos 'n skaap
misrabel vaal in die lig verguis
die monobrou en die kapsel raam
jou vertelsel van 'n klein Nasaret
Simon spot, skares jou uit:
Jy is die grap van die jaar

met die eerste woorde van *I dreamed a dream*
het jy vanuit vernederende vooroordeel
hulle en miljoene ander op YouTube
in ongeloof laat aanskou
hoe jy jare se troeteltalent
aan die hele wêreld skenk

5.1. Wie/wat is die pilatusse van *Britain's got talent?* (1)

5.2. Kies die korrekte antwoord en skryf dan slegs die vraagnommer en die letter neer.

Hoekom het die skares vir Susan uitgejou?

A. Hulle dink Simon Cowell hou nie van haar nie.
B. Hulle dink sy lyk soos 'n ou vrou sonder talent.
C. Hulle dink sy lyk soos 'n ou vrou met talent. (1)

5.3. Haal een woord uit strofe 2 aan wat aandui dat die kykers verstom was deur Susan se stem. (1)

5.4. Wat is die tema van hierdie gedig? (1)

(4)

Sub-totaal (40)

GROOTTOTAAL 80 VERWERK NA (**70)**